Ongeouditeerde Tussentydse Finansiële Resultate

vir die ses maande geëindig 28 Februarie 2009

HOOGTEPUNTE

- **Bates onder bestuur: R3,1 miljard**
- **Bates onder administrasie: R1,1 miljard**
- **Wins na belasting: R4,3 miljoen**
- **Positiewe kontant gegenereer deur bedrywighede: R6,8 miljoen**

Efficient financial holdings

EFFICIENT FINANCIAL HOLDINGS
In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer
(Registrasienommer: 2006/036947/06)
Aandeelkode: EFF
ISIN: ZAE000133286

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer ses maande geëindig 28 Feb 2009 R'000	Ongeouditeer ses maande geëindig 29 Feb 2008 R'000	%-verandering	Geouditeer 18 maande geëindig 31 Aug 2008 R'000
Inkomste	**24 290**	44 780	(46)	101 079
Batebestuursfooie				
– Vaste fooie	**6 285**	6 791	(7)	14 904
– Prestasiefooie	**7 734**	22 173	(65)	43 535
Bate-administrasiefooie	**7 559**	11 538	(34)	22 057
Finansiële dienste	**2 503**	4 158	(40)	20 012
Ander	**209**	120	74	571
Beleggingsinkomste	**1 174**	2 088	(44)	4 961
– Rente ontvang	**1 174**	1 598	(27)	4 085
– Wins by verkoop van belegging	**–**	490	(100)	876
Totale inkomste	**25 464**	46 868	(46)	106 040
Bedryfsuitgawes	**(19 710)**	(19 888)	1	(54 557)
– Kommissie, bestuursfooie en korting	**(4 201)**	(6 206)	32	(17 932)
– Vaste uitgawes	**(12 938)**	(11 035)	(17)	(30 749)
– Nie-kontantvloei-uitgawes	**(2 571)**	(2 647)	3	(5 876)
Inkomste van assosiate	**188**	52	262	104
Wins voor belasting	**5 942**	27 032	(78)	51 587
Belasting	**(1 651)**	(8 669)		(16 923)
Netto wins na belasting	**4 291**	18 363	(77)	34 664
Toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitsaandeelhouers	**4 232**	18 173		34 156
Minderheidsaandeelhouers	**59**	189		508
	4 291	18 362		34 664
Getal uitgereikte aandele	**36 135**	36 135		36 135
Geweegde gemiddelde getal aandele	**36 135**	36 135		36 135
Verdienste per aandeel (sent)	**11,71**	50,29	(77)	94,52
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**11,71**	50,29	(77)	94,52

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Ongeouditeer soos op 28 Feb 2009 R'000	Ongeouditeer soos op 29 Feb 2008 R'000	%-verandering	Geouditeer soos op 31 Aug 2008 R'000
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, masjinerie en toerusting	**1 953**	2 687		2 199
Belegging in assosiate	**9 348**	52		104
Ander ontasbare bates	**27 986**	31 175		29 581
Klandisiewaarde	**20 259**	20 259		20 259
Uitgesteldebelasting-bate	**1 778**	391		497
	61 324	54 564		52 640
Bedryfsbates				
Handels- en ander debiteure	**5 166**	5 894		5 366
Kontant en kontantekwivalente	**4 780**	23 999		14 998
	9 946	29 893		20 364
Totale bates	**71 270**	84 457		73 004
Ekwiteit				
Kapitaal en reserwes	**58 530**	59 884		53 732
Aandelekapitaal en aandelepremie	**37 880**	37 880		37 880
Tesourieaandele	**(7 200)**	(7 200)		(7 200)
Aandeelgebaseerde betalings reserwe	**1 984**	661		1 477
Minderheidsbelang	**96**	189		37
Opgehoopte winste	**25 770**	28 354		21 538
Uitgesteldebelasting-laste	**7 835**	9 527		8 299
Bedryfslaste	**4 905**	15 046		10 973
– Handels- en ander krediteure	**4 219**	5 129		4 709
– Belasting betaalbaar	**686**	9 917		6 264
Totale ekwiteit en laste	**71 270**	84 457		73 004
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**161,71**	165,20		148,60
Netto tasbarebate-waarde per aandeel (sent)	**28,20**	22,86		10,67

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer ses maande geëindig 28 Feb 2009 R'000	Ongeouditeer ses maande geëindig 29 Feb 2008 R'000	%-verandering	Geouditeer 18 maande geëindig 31 Aug 2008 R'000
Netto kontantinvloei deur bedryfs-aktiwiteite				
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**6 861**	25 935		57 560
Finansieringsinkomste ontvang	**1 174**	1 598		4 085
Dividende ontvang van assosiate	**69**	–		–
Dividende betaal	**–**	(6 502)		(25 888)
Belasting betaal	**(8 975)**	(9 330)		(20 759)
Netto kontantuitvloei deur bedryfs-aktiwiteite	**(871)**	11 701		14 998
Verkryging van filiale/assosiate	**(9 124)**	10 958		10 958
Opbrengs uit verkoop van beleggings	**–**	11 093		13 898
Aankoop van toerusting	**(223)**	(1 698)		(2 070)
	(9 347)	20 353		22 786
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**–**	(9 563)		(26 419)
Kontant en kontantekwivalente vir die tydperk	**(10 218)**	22 491		11 365
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**14 998**	1 508		3 633
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**4 780**	23 999		14 998

SEGMENT ONTLEDING

	Inkomste		**Wins voor belasting**		**Netto batewaarde**	
	Feb 2009 R'000	Feb 2008 R'000	**Feb 2009 R'000**	Feb 2008 R'000	**Feb 2009 R'000**	Feb 2008 R'000
Batebestuur	**14 228**	29 084	**3 818**	21 602	**23 567**	24 988
Bate-administrasie	**7 559**	11 538	**1 706**	5 291	**1 913**	3 776
Finansiële dienste	**2 503**	4 158	**1 682**	2 543	**3 795**	2 279
Ongeallokeerde korporatiewe uitgawes/netto bates	**–**	–	**(1 264)**	(2 404)	**29 255**	28 841
	24 290	44 780	**5 942**	27 032	**58 530**	59 884

KOMMENTAAR

Te midde van die wêreldwye finansiële omstuimigheid het Efficient Financial Holdings (EFH) tussentydse resultate behaal wat aan die verwagtinge voldoen het.

'n Daling van meer as 33% in die JSE Algehele Indeks (ALSI) oor die ses maande tot 28 Februarie 2009 het daartoe bygedra dat prestasiefooie druk ondervind het. Dít, tesame met 'n afname in bates onder bestuur as gevolg van die aansienlike daling in JSE-aandeelwaardes oor die tydperk, het wesensverdienste per aandeel van 11,71 sent tot gevolg, vergeleke met 50,29 sent vir die vorige tydperk.

Ten spyte van een van die ergste tydperke van daling in aandele oor die hele wêreld tot op hede bly die Groep winsgewend, met positiewe kontantverdienste in die eerste ses maande van die finansiële jaar. As daar ooit 'n tydperk was toe die besigheid en besigheidsmodel aan spanningsdruk ("stress-tested") onderwerp is, was dit gedurende hierdie tydperk.

1. Die notering
EFH het op 20 April 2009 39,6 miljoen aandele op die JSE genoteer. R39 miljoen is tydens die privaat plasing verkry, wat toon dat sekere beleggers selfs in huiwerende aandelemarktoestande steeds bereid is om 'n langertermyn-sienswyse te huldig en nuwe beleggings te doen.

Die doel van die notering was om, onder andere, verkrygingsgeleenthede wat dikwels in 'n strawwe ekonomiese omgewing voorkom, te benut.

2. Finansiële resultate
Inkomste het van R44,8 miljoen tot R24,3 miljoen afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n daling in prestasie-fooie en die waarde van bates onder bestuur, wat ten nouste met die prestasie van die aandelemarkte verband hou. Desnieteenstaande was vastefooie-inkomste wat deur batebestuur gegenereer is slegs 7% laer as die vergelykende sesmaandetydperk.

Koste is goed beheer en het met 1% afgeneem terwyl bedrywighede R6,8 miljoen kontant voor belasting gegenereer het. Die Groep handhaaf 'n kontantreserwe van minstens drie maande se vaste kontantuit-gawes, met geen langtermynskuld, nie.

3. Besigheidsegmentresultate
Die Groep bestaan uit drie afdelings, te wete Batebestuur, Bate-administrasie en Finansiële Dienste.

Batebestuur:
Batebestuur bestaan uit die volgende filiale: Efficient Group, Efficient International Investment, Multigro Capital en Valugro Capital.

Die fokus van die Batebestuur-afdeling is om opbrengste te lewer wat met beleggingsdoelstellings oor-eenstem terwyl daar aan beleggingsmaatstawe deur middel van die bestuur van effektetrustfondse, effekte-trustfondse van fondse en privaat aandeleportefeuljes, plaaslik en internasionaal, voldoen word.

Hierdie afdeling se inkomste was onder druk weens die daling in die waarde van die aandelemarkte.

Efficient Group se inkomste het gedaal omdat prestasiefooie sy hoofbron is. Die EFH-beleggingskomitee het die onderprestasie van sleutelprodukte in die maatskappy aangespreek deur die beleggingsproses te verbeter deur middel van die implementering van beleggingsmaatstawe. Veral die effektetrustprodukte het aansienlike verdienstepotensiaal.

Efficient Group bied ook ekonomiese navorsing. Inkomste wat uit ekonomiese navorsing gegenereer word, het met 75% toegeneem.

In reaksie op wisselvallige aandelemarkte en beleggers se behoefte aan bestuurderdiversifisering is EFH tans besig met die finalisering van 'n nuwe portefeuljebestuursproduk, wat die produkaanbieding sal vergroot en mettertyd na 'n breë kliëntbasis ontplooi sal word.

Efficient International Investment het 'n goeie prestasie behaal en vir die eerste keer 'n klein wins gerapporteer. *Multigro Capital* se inkomste het met 9% toegeneem maar winste was laer as gevolg van 'n bykomende kostetoewysing vir die toename in batebestuursnavorsing. *Valugro Capital* se inkomste, wat uit vaste fooie en prestasiefooie bestaan, het gedaal namate prestasiefooie gedaal het. Daar was 'n belangrike investering in die ontwikkeling van die stelsels en prosesse wat by Valugro gebruik word om prestasie te verbeter en mededingendheid te verhoog.

Aan die einde van die verslagtydperk het EFH ongeveer R3,1 miljard onder bestuur gehad.

Bate-administrasie:
Efficient Collective Investments is verantwoordelik vir die administrasie van ongeveer 'n derde van die effektetrusts onder die Groep se bestuur. Die administrasie van bates sluit laste-administrasie en bate-administrasie soos daaglikse prysbepaling van effektetrustfondse in. Bates onder administrasie het as gevolg van markbeweging afgeneem, wat tot laer winste gelei het.

Efficient Collective Investments sal sy bate-administrasiedienste in die toekoms na ander groepfondse uitbrei. Op 28 Februarie 2009 het die afdeling ongeveer R1,1 miljard onder administrasie gehad.

Finansiële Dienste:
Finansiële dienste word deur FHS Financial Services (Kaapstad) en FHS Financial Services (EB) verskaf. Finansiële Dienste sluit finansiële beplanning, beleggingsadvies en risikodekking in. FHS Financial Services (EB) bied 'n volledige reeks werknemervoordele.

Finansiële dienste word tans hoofsaaklik deur middel van 'n vennootskap met PKF in Kaapstad aangebied. Die afdeling se strategiese ontwikkelingsplan sluit die ontplooiing van finansiële dienste na ander professionele dienste verskaffers in.

Die Werknemervoordele-segment van die Finansiële Dienste-afdeling is 'n betreklik nuwe winssentrum en het goeie groeipotensiaal. FHS Financial Services (EB) sal voortgaan om sy bemarkingsstrategie daarop toe te spits om KMMO-pensioenfondse in te sluit.

4. Verkrygingsaktiwiteite
Gedurende die verslagtydperk het EFH 'n 25,1%-belang in Thebe Securities van Thebe Investment Corporation verkry. Hierdie transaksie is gefinansier uit kontant gegenereer deur bedrywighede.

Thebe Securities is 'n onafhanklike voldiens-aandelemakelaar. Die verkryging sal 'n belangrike rol in die uit-breiding van die Finansiële Dienste-afdeling speel.

Sedert die effektiewe datum van die verkryging het Thebe Securities R118 427 tot die Groep se nabelasting-wins bygedra.

As deel van EFH se strategiese plan om 'n SEB-vennootskap te stig, het EFH-aandeelhouers voor notering 25,1% van hulle aandele aan Thebe Investment Corporation verkoop.

5. Vooruitsigte
Soos gemeld, word finansiële dienste tans hoofsaaklik deur middel van 'n vennootskap met PKF (Kaapstad) aangebied. Strategiese ontwikkelingsplanne behels die ontplooiing van finansiële dienste na ander professionele dienste verskaffers.

Aanvullend tot die Finansiële Dienste-afdeling se uitbreidingsplanne is EFH besig met die verkryging van 100% van FH Financial Services (Newlands) wat, hoewel dit 'n onbeduidende uitwerking op historiese *pro forma*-wesensverdienste het, aansienlike inkomste uit beleggingsbesigheid vir die Groep kan oplewer. Hier-die transaksie val benede die kategoriseringsdrempel ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE.

Na die tussentydse tydperk het die JSE ALSI 'n styging in aandelepryse geniet. Indien dit volgehou word, kan die Groep baie daardeur baat. Die maatskappy sal egter eers in sy volgende finansiële jaar baat by die verbetering in die aandeelmarkte as gevolg van die "rollende tydperk"- en "hoë watermerk"-aard van die prestasiefooie-berekening, wat van toepassing is op baie van die Groep se effektetrustfondse.

Die bestuur is vol vertroue dat batewaardes in wêreld-aandelemarkte asook die maatskappy se winsgewend-heid binne die volgende 12 tot 24 maande heelwat hoër sal wees.

6. Strategie
Die Groep se strategie sal op die volgende sleutelgebiede fokus:
- Deurlopende produkinnovering
- Ontwikkeling van fondsbestuurstelsels en -prosedures
- Ontwikkeling van die Batebestuur-afdeling se bemarkings- en verspreidingsvermoëns op alle gebiede
- Gesamentlike ondernemings met derdeparty-batebestuurders, veral met betrekking tot bemarkings- en verspreidingsvermoëns
- Finansiële Dienste-ontplooiing deur die ontwikkeling van die verhouding met PKF.

7. Dividende
Die Groep se dividendbeleid is om dividende halfjaarliks op diskresie van die direksie te verklaar, gegrond op die finansiële posisie van die Groep, gelyk aan 80% van die Groep se vrye kontantvloei. Vrye kontantvloei word bereken na voorsiening vir 'n kontantreserwe gelyk aan drie maande se bedryfsuitgawes, kapitaal-besteding en begrote verkrygings. Die noteringsopbrengs word nie in vrye kontantvloei ingesluit nie. In oor-eenstemming met maatskappybeleid is geen dividend vir die huidige tydperk verklaar nie.

8. Basis van aanbieding
Die tussentydse resultate word op 'n gekonsolideerde grondslag aangebied en is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, die vereistes van IRS 34 (Tussentydse Finansiële Verslagdoening), die Noteringsvereistes van die JSE, en die Maatskappywet van Suid-Afrika opgestel. Die rekeningkundige beleid wat toegepas word, stem ooreen met dié wat in die vorige tussentydse en finansiële jaareinde-tydperke toegepas is. Hierdie tussentydse resultate is nie deur die Groep se ouditeure, PKF (Jhb) Geïnk., geouditeer of nagesien nie.

9. Veranderings aan die direksie
EFH het sy direksie kort voor notering herstruktureer om 'n samestelling te verseker wat meer ooreenstem met die King-kommissie se aanbevelings en met gesonde korporatiewe bestuursbeginsels. Die getal uitvoerende direkteure is van ses tot drie verminder en al die Groep se fondsbestuurders het uitgetree om die aanstelling van vier bykomende nie-uitvoerende direkteure moontlik te maak. Dit sal die Groepfonds-bestuurders ook in staat stel om hulle tyd toe te spits op die toekomstige prestasie van fondse en groei van bates.

Die veranderings aan die direksie word hieronder saamgevat:
Aanstelling as nie-uitvoerende direkteure:
– MC Khwinana – 30 Januarie 2009
– LN Gadd – 30 Januarie 2009
– M Cassim – 30 Januarie 2009
– R Paterson – 17 Maart 2009

Bedankings:
– B Bishop – 17 Maart 2009
– HB Hopking – 17 Maart 2009
– CN Snyman – 17 Maart 2009

Dawie Roodt
Voorsitter
28 Mei 2009

Heiko Weidhase
Besturende direkteur

Nie-uitvoerende direkteure: EA Hern*, MJ Giles*, MC Khwinana, LN Gadd, M Cassim, R Paterson **Onafhanklik*
Uitvoerende direkteure: DD Roodt, H Weidhase, AT de Klerk
Geregistreerde adres: Wierdaweg-Wes 42, Wierdavallei, 2196
Besigheidsadres: Delyweg 81, Hazelwood, Pretoria, 0181
Maatskappysekretaris: AT de Klerk GR(SA)
Oordragsekretaris: Link Market Services South Africa (Edms) Beperk
Borg: Java Capital (Edms) Beperk

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal R'000	Tesourie-aandele R'000	Billikewaarde-aanpassings-bates – beskikbaar-vir-verkoop-reserwe R'000	Aandeel-gebaseerde betalings-reserwe R'000	Minderheids-belang R'000	Opgehoopte winste R'000	Totale ekwiteit R'000
Beginsaldo – Maart 2006	–	–	605	–	–	12 546	13 151
Billikewaarde-winste op finansiële instrumente	–	–	1 809	–	–	–	1 809
Uitgestelde belasting op billikewaarde-aanpassings aan finansiële instrumente	–	–	(700)	–	–	–	(700)
Wins vir die jaar	–	–	–	–	92	10 246	10 338
Dividende betaal	–	–	–	–	–	(7 000)	(7 000)
Saldo op 28 Februarie 2007	–	–	1 714	–	92	15 792	17 598
Wins vir die tydperk	–	–	–	–	157	10 975	11 132
Dividende betaal	–	–	–	–	(247)	(7 000)	(7 247)
Saldo op 31 Augustus 2007	–	–	1 714	–	2	19 767	21 483
Aandelekapitaal-uitgifte	37 880	–	–	–	–	–	37 880
Aandeleterugkoop	–	–	–	–	–	(4 800)	(4 800)
Amortisasie van aandeelgebaseerde betalings	–	–	–	661	–	–	661
Tesourieaandele	–	(7 200)	–	–	–	–	(7 200)
Oorplasing van billikewaarde-aanpassingsreserwe met verkoop van bate	–	–	(1 714)	–	–	1 714	–
Wins vir die tydperk	–	–	–	–	189	18 173	18 362
Dividende betaal	–	–	–	–	(2)	(6 500)	(6 502)
Saldo op 29 Februarie 2008	37 880	(7 200)	–	661	189	28 354	59 884
Amortisasie van aandeelgebaseerde betalings	–	–	–	816	–	–	816
Wins vir die tydperk	–	–	–	–	162	5 008	5 170
Dividende betaal	–	–	–	–	(314)	(11 824)	(12 138)
Saldo op 31 Augustus 2008	37 880	(7 200)	–	1 477	37	21 538	53 732
Amortisasie van aandeelgebaseerde betalings	–	–	–	507	–	–	507
Wins vir die tydperk	–	–	–	–	59	4 232	4 291
Saldo op 28 Februarie 2009	**37 880**	**(7 200)**	**–**	**1 984**	**96**	**25 770**	**58 530**

motiv